<b>APPLICATION METHOD FOR 5% AND 7% SOLUTION:</b> Use a low pressure knapsack sprayer with a hollow cone nozzle. Apply after felling and removal of sawdust on surface to be treated. Apply on the same day as felling. Stumps which coppice after treatment should be under cut or ringbarked to expose the entire cambium region which must then be treated.  A fuzzy coppice regrowth may occur which normally dies back. If not, remove it by hand or apply a 2% solution avoiding drift onto newly established seedlings.  Species other than <i>Eucalyptus grandis</i> may show a variable response to <b>GLYPHOGAN</b> and may require a second treatment.			<b>TOEDIENINGSMETODE VIR 5% EN 7% OPLOSSINGS:</b> Gebruik 'n laedrukruksakspuit met holkeëlspuitpunte vir volledige stompbenatting. Dien toe nadat die bome afgesaag en die saagsels op die oppervlak verwyder is. Dien op dieselfde dag toe as wat bome afgesaag is. Stompe wat uitloop na behandeling moet korter afgesaag of geringuleer word om die totale kambium bloot te lê vir verdere behandeling.  'n Pluiserige soort hergroei mag voorkom wat normaalweg terugsterwe. Indien nie, verwyder met die hand of spuit met 'n 2% oplossing met die nodige voorsorg om wegdrywing na nuutgevestigde saailing te voorkom.  Ander spesies as <i>Eucalyptus grandis</i> mag wisselvallig reageer op <b>GLYPHOGAN</b> en 'n herbespuiting mag nodig wees.		

**TABLE 3: CROP RECOMMENDATIONS**  
**TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS**

<b>Precautions:</b> Prevent spray / spray mist contact with leaves, green and young bark of stems as well as fruit. Allow 10 days after pruning, or the removal of low branched and/or suckers before spraying weeds in perennial crops.		<b>Voorsorgmaatreëls:</b> Voorkom spuit- of sproeinewelkontak met blare, groen en jong bas van stamme asook vrugte. Laat 'n periode van 10 dae toe na snoei, of verwydering van laaghangende takke en/of suiers, alvorens onkruid in meerjarige gewasse bespuit word.			
<b>REMARKS</b>	<b>RATE</b>	<b>CROP</b>	<b>GEWAS</b>	<b>DOSIS</b>	<b>OPMERKINGS</b>
Allow regrowth after final harvest to a height of 45cm (tillering complete): Apply 100 to 400ℓ / ha mixture when tillers have emerged.	8 to 10ℓ / ha	Sugarcane Last ratoon eradication (minimum tillage)	Suikerriet Laaste ratoenuitwis- sing (minimum bewerking)	8 to 10ℓ / ha	Laat hergroei toe tot 45cm hoogte na laaste ratoen (stoelstadium voltooi): Dien 100 tot 400ℓ / ha spuitmengsel toe sodra halms verskyn.
Spray <b>GLYPHOGAN</b> on the last ratoon when the regrowth is 35 to 100cm high. Allow between 1 and 10 days to elapse and shear the cane stool to a depth of 10 to 15cm below the soil surface using a blade shear or similar implement. This treatment will also control certain broadleaf and grass weeds.	4 to 8ℓ / ha. Use higher rate on highly productive soils where regrowth is a problem.	Combination tillage -last ratoon eradication	Kombinasie bewerking – laaste ratoen-uitwissing	4 tot 8ℓ / ha. Gebruik die hoër dosis op vrugbare gronde waar hergroei 'n probleem is.	Spuit <b>GLYPHOGAN</b> op 35 tot 100cm hoë hergroei van die laaste ratoen. Na 1 tot 10 dae, moet die stoel op 'n diepte van tussen 10 en 15cm onder die grondoppervlak afgesny word, met 'n lem of soortgelyke implement. Hierdie behandeling sal ook sekere gras- en breëblaaronkruid beheer.
Apply directed spray to foliage of diseased (e.g. smut) or off-type stools.	10% solution	Spot-eradication	Kol-uitwissing	10% oplossing	Dien gerig toe op blare van besmette (bv. brand) of aftipe plante.
Apply to young annual weeds that are actively growing	<u>Annual weeds:</u> 1 to 3ℓ / ha  <u>Perennial weeds:</u> See Table 1	Pre-plant	Voorplant	<u>Eenjarige onkruid:</u> 1 tot 3ℓ / ha  <u>Meerjarige onkruid:</u> Sien Tabel 1	Dien toe op aktiefgroeïende eenjarige onkruid.

<b>TABLE 3: CROP RECOMMENDATIONS</b>					
<b>TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS</b>					
<b>Precautions:</b> Prevent spray / spray mist contact with leaves, green and young bark of stems as well as fruit. Allow 10 days after pruning, or the removal of low branched and/or suckers before spraying weeds in perennial crops.			<b>Voorsorgmaatreëls:</b> Voorkom spuit- of sproeinewelkontak met blare, groen en jong bas van stamme asook vrugte. Laat 'n periode van 10 dae toe na snoei, of verwydering van laaghangende takke en/of suiers, alvorens onkruid in meerjarige gewasse bespuit word.		
<b>REMARKS</b>	<b>RATE</b>	<b>CROP</b>	<b>GEWAS</b>	<b>DOSIS</b>	<b>OPMERKINGS</b>
Direct spray to actively growing plants in the field, around telephone poles, etc.	2% solution	Spot spraying around fields	Kolbespuiting rondom landerye	2% oplossing	Direkte bespuiting op aktiefgroeiende plante rondom landerye, telefoonpale, ens.
Cane harvested from April to July: Apply 6 to 8 weeks prior to harvest.			Riet ge-oes van April tot Julie: Dien 6 tot 8 weke voor oes toe.		
Cane harvested from October to January: Apply 4 to 6 weeks prior to harvest.			Riet ge-oes van Oktober tot Januarie: Dien 4 tot 6 weke voor oes toe.		
Do not apply to sugarcane to be harvested for seed purposes. Continue irrigation as long as possible after application, where applicable before starting the drying off period.			Moet nie lande bespuit wat vir saaddoeleindes gekap word nie. Hou aan met besproeiing so lank as moontlik na toediening waar van toepassing, voordat afdroogperiode 'n aanvang neem.		
Chemical activity is sometimes evidenced within 3 to 4 weeks after application, by slight leaf yellowing in early season cane and bud swell with side shooting in late season cane. Apical growth may cease and the plant may grow long and thin before it finally dies.			Chemiese aktiwiteit, 3 tot 4 weke na toediening, is soms waarneembaar as 'n effense vergeling vroeg in die seisoen en knopswel asook syspruiting in laatseisoenriet. Apikale groei mag stop en plante mag lank en skraal groei en uiteindelik doodgaan.		
Ratoon cane may have increased tiller population and/or slightly stunted tillers with chlorotic leaves, which will recover.			Oorstaanriet mag meer halms ontwikkel en/of wat verpot voorkom met vergeling op die blare, wat sal uitgroei.		

TABLE 4: GROWTH REGULATION (CHEMICAL MOWING)				
TABEL 4: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)				
REMARK	RATE (ml / ha)	WEED / ONKRUID	DOSIS (ml / ha)	OPMERKINGS
NB: All Remarks listed in Table 4 apply to ALL the weeds listed in Table 4.		<u>TUFTED PERENNIAL GRASSES / MEERJARIGE GRASSE</u>		LET WEL: Alle Opmerkings gelys onder Tabel 4 is van toepassing op ALLE onkruid in Tabel 4.
Apply <b>GLYPHOGAN 5</b> to 10 days after mowing. Use the shorter interval in spring and summer when growth is most active.	400 – 800	Common paspalum / Gewone paspalum ( <i>Paspalum dilatatum</i> )	400 – 800	Dien <b>GLYPHOGAN 5</b> tot 10 dae na sny toe. Gebruik korter intervalle in die lente en somer tydens meer aktiewe groei.
	400– 1000	Common thatch / Dektamboekiegras ( <i>Hyparrhenia hirta</i> )	400– 1000	
	400 - 800	Fescues / Swenkgras ( <i>Fescus spp</i> )	400 - 800	
Application should replace 2 to 4 mechanical mowings depending on dosage rate, species and climatic conditions.	600 –1000	Ratstail dropseed / Rotstert fynsaadgras ( <i>Sporobolus africanus</i> )	600 –1000	Toediening behoort 2 tot 4 meganiiese operasies te vervang afhangend van dosis, spesie en klimaatstoestand.
	400 - 800	Rescue grass / Reddingsgras ( <i>Bromus uniloides</i> )	400 - 800	
Higher dosage rates will have a longer growth regulation period and a corresponding increase in initial chlorosis (yellowing).	400 – 800	Rye grass / Raaigras ( <i>Lolium spp</i> )	400 – 800	Hoër dosis sal groei langer onderdruk met 'n gevaardgaande hoër voorkoms van aanvanklike chlorose (vergeling).
	400– 1000	Smuts finger grass / Smutsvingergras ( <i>Digitaria eriantha</i> )	400– 1000	
	400 - 800	Tall paspalum / Langeen Paspalum ( <i>Passpalum urvillei</i> )	400 - 800	
		<u>RUNNING PERENNIAL GRASSES / MEERJARIGE KRUIPGRASSE</u>		
Perennial grasses are more sensitive to <b>GLYPHOGAN</b> in	400 – 1000	Couch grass / Gewone kweek ( <i>Cynodon dactylon</i> )	400 – 1000	Meerjarige grasse is meer sensitief vir <b>GLYPHOGAN</b> in

TABLE 4: GROWTH REGULATION (CHEMICAL MOWING)				
TABEL 4: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)				
REMARK	RATE (ml / ha)	WEED / ONKRUID	DOSIS (ml / ha)	OPMERKINGS
autumn and chlorosis can be expected to be greater in this period. Use the lower dosage rates to avoid this.	200 - 600	Kikuyu grass / Kikoejoe ( <i>Pennisetum clandestinum</i> )	200 - 600	die herfs. 'n Groter mate van chlorose kan dus verwag word. Gebruik 'n laer dosis om dit te voorkom.
		<u>BI-ANNUAL AND PERENNIAL BROADLEAF WEEDS / TWEEJARIGE EN MEERJARIGE BREËBLAARONKRUIDE</u>		
In orchards and vineyards in the Winter rainfall region where the interrow is not irrigated (e.g. drip irrigation) the lower dosage rate should be used to late spring and summer applications on grasses.	600 - 800	Must heron bill / Turksnael ( <i>Erodium moschatum</i> )	600 - 800	Gebruik die laer dosis op grasse gedurende laat lente en somer in vrugteboorde en wingerde in die winterreënvalgebied, waar die tussenry nie besproei word nie (bv. drupbesproeiing).
Do not apply to plants under stress conditions, e.g. drought, waterlogged etc.	600 – 800	Small mallow / Kiesieblaar ( <i>Malva parviflora</i> )	600 – 800	Moet nie toedien op plante wat onder stremming verkeer nie, bv. droogte, versuip, ens.
	600 – 800	Plantain / Tonglaar ( <i>Plantago lanceolate</i> )	600 – 800	
Remove excess plant material after mowing, prior to spraying.		<u>ANNUAL WEEDS &amp; SEEDLINGS / EENJARIGE ONKRUIDE EN SAAILINGE</u>		Verwyder oortollige plantmateriaal na sny, voor bespuiting.
Apply 50 to 200ℓ / ha spray volume and ensure even droplet distribution on target foliage.	200 -1000	Well developed annual weeds, seedlings and young plants may be controlled. Goed ontwikkelde eenjarige onkruid, saailinge en jong plante mag beheer word.	200 -1000	Dien 50 tot 200ℓ / ha spuitmengsel toe en verseker 'n egalige druppelverspreiding op die teiken se blare.
		<u>FOLLOW UP TREATMENT / OPVOLGBESPUITING</u>		

<b>TABLE 4: GROWTH REGULATION (CHEMICAL MOWING)</b>				
<b>TABEL 4: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)</b>				
<b>REMARK</b>	<b>RATE (ml / ha)</b>	<b>WEED / ONKRUID</b>	<b>DOSIS (ml / ha)</b>	<b>OPMERKINGS</b>
NB: All Remarks listed in Table 4 apply to ALL the weeds listed in Table 4.	Up to 600	All weeds in Table 4. Use the lower rate indicated above. Alle onkruid in Tabel 4. Gebruik laagste dosis bo aangedui.	Tot 600	LET WEL: Alle Omerkings gelys onder Tabel 4 is van toepassing op ALLE onkruid gelys onder Tabel 4.

<b>TABLE 5: PASTURE ESTABLISHMENT</b>			
<b>TABEL 5: WEIDINGSVESTIGING</b>			
<b>REMARKS</b>	<b>SITUATION</b>	<b>SITUASIE</b>	<b>OPMERKINGS</b>
Mechanical and chemical establishment:	Conventional Perennial running grass infestation	Konvensioneel Meerjarige rankgras-infestasië	Meganiese en chemiese vestiging:
Prepare pasture seedbed. Allow perennial running grass and annual weeds to emerge. Apply <b>GLYPHOGAN</b> at recommended rates for weeds present (see Table 1). Sow new pasture 3 to 4 days after spraying	Low pressure	Ligte druk	Berei saadbed voor. Laat meerjarige rankgras en eenjarige onkruid ontkiem. Dien <b>GLYPHOGAN</b> toe volgens aanbevole dosisse vir onkruidspektrum (sien Tabel 1). Saai nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening.
Cultivate the weeds and allow regrowth to occur. Spray at the recommended rate. Allow 7 days after spraying before a second cultivation, seedbed preparation and planting	Heavy pressure	Hoë druk	Bewerk die onkruid en laat hergroei toe. Spuit dan die aanbevole dosis. Laat 7 dae toe voor 'n tweede bewerking, saadbedvoorbereiding en plant / saai.
New germinating annual weeds can be controlled with 1 to 3ℓ /ha. Sow new pastures 3 to 4 days after spraying.	Pre-sowing weed control	Onkruidbeheer voor saai	Nuut ontkiemende onkruid kan beheer word met 1 tot 3ℓ / ha. Saai die nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening.
Reduce trash levels by mowing or heavy grazing 3 to 4 weeks prior to application on regrowth. Drill the new pasture 3 to 4 days after spraying.	Direct Drill (Pasture replacement and veld improvement)	Direkte plant (Weiding vervanging en veldverbetering)	Verminder plantmateriaal deur af te sny of te beweï 3 tot 4 weke voor toediening op hergroei. Plant die nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening.
Control perennial and annual weed infestations in pastures by spot spraying with a 2% solution or using wipe-type equipment to weeds projecting above the pasture (See Table 6).	Pasture maintenance	Instandhouding van weiding	Beheer een- en meerjarige onkruid in weidings deur kolbespuitings met 'n 2% oplossing of gebruik 'n bestryktipe toediener waar onkruid bokant die weiding uitsteek (Sien Tabel 6).

**TABLE 5: PASTURE ESTABLISHMENT****TABEL 5: WEIDINGSVESTIGING****NOTES:**

Use recommended rates for the control of perennial (see Table 1) and annual weeds (see Table 2) when renewing established pastures.

Use conventional or direct drill planting methods. Ensure that rank weed growth does not prevent spray from reaching the target plants.

Do not spray old heavy growth of Kikuyu or Common quick grass with a reduced green leaf area. Burn at the end of winter to reduce dry mass. Allow to regrow in summer and spray regrowth late summer for autumn establishment of new pasture.

**NOTAS:**

Gebruik die aanbevole dosis om meerjarige (Tabel 1) en eenjarige (Tabel 2) onkruid te beheer tydens die opknapping van gevestigde weiding.

Gebruik konvensionele of direkte plantmetodes. Verseker dat geil onkruidgroeï nie verhoed dat teikenplante benat word nie.

Moet nie ou, swaar gevestigde Kikoejoe of Gewone kweek met verminderde groen blaaroppervlak bespuit nie. Brand die grasmassa aan die einde van die winter. Laat hergroeï en bespuit dan in die laat somer vir herfsvestiging van die nuwe weiding.

<b>TABLE 6: WIPE-TYPE APPLICATION</b> <b>TABEL 6: BESTRYKTOEDIENING</b>				
<b>REMARKS</b>	<b>RATE (l / ha)</b>	<b>APPLICATOR TYPE / TIPE TOEDIENER</b>	<b>DOSIS (l / ha)</b>	<b>OPMERKINGS</b>
Recommended where conventional spraying is not practical, e.g. low trellised or bush vines etc.	Output of 100 to 150l solution / ha  Annuals: 5%  Perennials: 10%	Hand held roller applicators  Rollertipe handtoedieners	Lewering van 100 tot 150l oplossing / ha  Eenjariges: 5%  Meerjariges: 10%	Word aanbeveel waar die konvensionele bespuiting onprakties is, bv. laag opgeleide of bosstok wingerde.
Recommended in situations around tree crops and where weed and crop height differs e.g. control of volunteer crop or resistant or late germinating weeds in beans and groundnuts.	Output up to 3l / ha or 50% solution	Hand held or tractor-mounted ropewick applicator  Touptipe handmodel of trekkegemonteerde toediener	Lewering van 3l / ha of 'n 50% oplossing	Word aanbeveel in boorde en waar die onkruid- en gewashoogtes verskil, bv. vir beheer van opslag- of laatontkiemende onkruid in boontjies en grondboontjies.
NOTES:  Use a wipe-type applicator which has been approved. These applicators make use of an absorbent material to transfer <b>GLYPHOGAN</b> solution onto plants with which the applicator comes into contact.  Ensure that the wipe surface is kept clean. The wiper <b>MUST NOT</b> come into contact with the crop.		NOTAS:  Gebruik 'n goedgekeurde bestryktipe toediener. Die toedieners maak gebruik van absorberende material om die <b>GLYPHOGAN</b> oor te dra op die plante waarmee dit in aanraking kom.  Verseker dat die bestrykoppervlakte skoon gehou word. Die bestrykoppervlakte <b>MOET NIE</b> in aanraking met die gewas kom nie.		

## WAARKSUWINGS

- Skadelik indien ingesluk. Vermy kontak met vel en oë. Voorkom inaseming van spuitmis en dampe.
- Moet nie meng of berg of toedien vanuit gegalvaniseerde staal of ongevoerde houers nie (behalwe vlekvrystaal), aangesien dit chemies met die staal reageer om waterstofgas te vorm wat hoogs ontvlambaar is.
- Berg in 'n koel, droë en goed geventileerde plek, weg van direkte sonlig.
- Stoor weg van voedsel, voer, saad en ander landbouchemikalieë.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens en dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Dra geskikte beskermende klere en handskoene. In geval van toevallige vel of oog kontak, was deeglik met seep en water
- Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik tydens toediening.
- Voorkom wegdrywing na gevoelige of eetbare gewasse, weiding en enige ander gebied wat nie behandel word nie aangesien ernstige gewasskade kan voorkom
- Keer die leë houer om oor die spuitenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk. Moet vir geen ander doel gebruik word nie.

## VOORKOMING VAN WEERSTAND EN DIE BESTUUR DAARVAN

**GLYPHOGAN 360 SL** behoort tot die glisien onkruidodergroep oftewel HRAC onkruidodergroepkode G. In enige natuurlike plantpopulasie mag daar as gevolg van genetiese variasie onkruidbiotipes voorkom wat weerstandbiedend is teen **GLYPHOGAN** en ander onkruidoders wat in die onkruidodergroepkode G val. Hierdie weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers as hierdie onkruidoders aanhoudend gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal nie deur **GLYPHOGAN** of enige ander groepkode G onkruidoder beheer word nie. Om die seleksie van weerstandbiedende onkruid te vertraag kan die volgende gedoen word:

- Integreer bewerking en ander meganiese beheermetodes (insluitende nie-selektiewe onkruidoders

gedurende die braakperiode) in onkruidbeheerprogramme waar moontlik.

- Vermy die aanhoudende gebruik van produkte wat dieselfde werkingswyse het. Beplan gewasrotasie sodat van produkte met 'n ander werkingswyse gebruik gemaak kan word.

Vir meer inligting rakende die vermyding van onkruidweerstand, skakel met 'n plaaslike Makhteshim-Agan verteenwoordiger

## **GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

### **ALGEMENE INLIGTING**

- Die onkruidodende effek van **GLYPHOGAN** is eers vanaf twee weke na toediening sigbaar.
- Dien **GLYPHOGAN** na opkom van aktiefgroeiende onkruid toe, gerig op die blare en onvolwasse bas. Bespuit moeilik beheerbare meerjarige onkruid in die herfs ten tye van aktiewe translokasie van plantvoedingstowwe na die wortels, knolle, wortelstokke of uitlopers. Behandel hergroei met 'n kolbespuiting.
- Moet nie spuit as die onkruid nat, dormant, onder stremming, met stof bedek of deur ryp beskadig is nie.
- Reën of besproeiing binne 6 uur na toediening mag die effektiwiteit van **GLYPHOGAN** verminder.
- In gemengde onkruidsituasies (waar een- en meerjarige onkruid saam voorkom), moet die eenjarige onkruid chemies of meganies beheer word. Wag vir geil hergroei van meerjarige onkruid en bespuit of kolbehandel hergroei.
- Indien in 'n tenkmengsel met ander chemikalieë toegedien word, geld die etiketaanbeveling van alle betrokke produkte.
- Voorplant onkruidbespuitings op sandgrond (<10% klei) moet 14 - 21 dae voor uitplant van saailinge plaasvind. Veral tamatie- en tabaksaailinge is baie gevoelig vir die oordraging van glifosaat.

### **MENGBAARHEID**

**GLYPHOGAN** kan in 'n tenkmengsel met die volgende chemikalieë gebruik word:

- MCPA (kaliumsout)
- Simazine SC and WP (met die byvoeging van ammoniumsulfaat)
- Diuron SC en WP (met ammoniumsulfaat).

**NOTA:** Die byvoeging van ammoniumsulfaat (2%) in die spuittenk voor Diuron of Simazine bygevoeg word in tenkmengsel met **GLYPHOGAN**, verbeter verenigbaarheid.

### **TOEDIENINGSINLIGTING**

- **GLYPHOGAN** kan toegedien word in spuitvolumes van 12 tot 600ℓ / ha.
- Maak seker dat spuittoerusting skoon en vry is van roes, stof of sediment van ander plaagdoders.
- Gebruik altyd skoon water. Voorkom die gebruik van brak- of modderige water of water met 'n hoë kolloïed inhoud afkomstig van gronde hoog in organiese materiaal. Waar alkaliese- en/of harde water voorkom, behoort 'n buffer volgens aanbevelings op die etiket bygevoeg te word.
- Kalibreer alle spuite korrek onder veldtoestande.
- In situasies waar spuitnewel nadelig kan wees moet 'n lae druk van 100 tot 200kPa en/of lae newelspuitkoppe gebruik word.
- Moet nie in windsnelhede van meer as 10km/h spuit nie.

- Verseker 'n fyn, egalige druppelverspreiding en 'n deeglike bedekking van die teikenonkruid.

### Lugtoediening:

**GLYPHOGAN 360 SL** kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 50ℓ / ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm<sup>2</sup> moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 400 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieg hoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die gebruik van 'n geregistreerde drywingsbeheer middel en/of 'n lae drywing lugbespuiting spuitneus (bv. "straight stream nozzle") word aanbeveel.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihirometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 10km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

### BEVORDERINGSMIDDELS

- Vir optimum resultate word 'n minimum van 1.5% **GLYPHOGAN** oplossing per totale spuitvolume aanbeveel. Indien dit laer is, behoort 0.5% bevorderingsmiddel (0.5ℓ/100ℓ water) by die spuitvolume gevoeg te word.  
Byvoorbeeld: 3.0ℓ in 200ℓ water / ha (1.5% oplossing) = Geen bevorderingsmiddel nodig nie.  
3.0ℓ in 400ℓ water / ha (0.7% oplossing) = Voeg 2.0ℓ bevorderingsmiddel by die totale spuitvolume.

- GLYPHOFIX (L5389) 'n middle met 'n hoë bevorderingsformulering, mag by spuitoplossing gevoeg word as bevorderingsmiddel teen 0.5 tot 0.75ℓ GLYPHOFIX per 100ℓ spuitmengsel.
- GLYPHOFIX mag aanvullend tot **GLYPHOGAN** gebruik word deur 1.0ℓ **GLYPHOGAN** met 2.0ℓ GLYPHOFIX in die spuitmengsel te vervang. **MOET NIE MEER AS 50% VAN DIE AANBEVOLE GLYPHOGAN VERVANG NIE**, bv. 4.0ℓ / ha **GLYPHOGAN** = 3.0ℓ **GLYPHOGAN** + 2.0ℓ GLYPHOFIX / ha.
- Voeg 'n geskikte buffer by die water wat die pH en harde water kan regstel voor die byvoeging van **GLYPHOGAN**.

## ONKRUIDBEHEER

Persentasieberekening, br. 1.5% oplossing = 1.5ℓ **GLYPHOGAN** in 98.5ℓ water = 100ℓ spuitoplossing.

Bespuitingstydkode:

VL	-	Vroeë lente	S	-	Somer
H	-	Herfs	W	-	Winter

Tabel 1:	Meerjarige onkruid
Tabel 2:	Nie-gewas en industriële gebruik
Tabel 3:	Gewasaanbevelings, boomgewasse, voorplant, bosbou, bloekomuitwissing en suikerriet.
Tabel 4:	Groei regulering (Chemiese sny)
Tabel 5:	Weidingsopknapping
Tabel 6:	Bestrykingstoediening

LW: Tabele met toedieningshoeveelhede verskry op die Engelse kant.